MEDIAVERKLARING

DATUM: 23 April 2022
UITGEREIK DEUR: Elmarie Prinsloo
Tel.: 051 - 448 9894/5/6
Epos: ceo@bloemskou.co.za
HOEDANIGHEID: Hoof Uitvoerende Beampte Bloemskou

Bloemskou– 27 April tot 7 Mei 2022 – "#Bloemskou"

Bloemskou is terug! Ons is dankbaar en verheug dat die aangepaste regulasies dit moontlik maak om Bloemskou vanaf **27 April tot 7 Mei 2022** by die skougronde in Bloemfontein aan te bied.

Dit was met spanning dat ons gewag het vir die afkondigings van nasionale regulasies sodat groot geleenthede van meer as 2000 mense kan oopmaak. Hierdie afkonding is eers in Februarie 2022 gedoen. Slegs twee maande voor die amptelike skou datum.. Dit het almal onder druk geplaas en in 'n massiewe spanpoging is net besluit – ONS GAAN SKOU VANJAAR!

Die nasionale regulasies het verder vereis dat geleenthede en sport waar meer as 2000 besoekers of toeskouers is, toegang slegs kan geskied met 'n voorwaarde kom van bewys van inenting of negatiewe Covid toets. Ten spyte van die logistieke nagmerrie het Bloemskou alles probeer om hierdie so maklik as moontlik te maak en ook as vergunning vir besoekers twee toetspunte by Hek 4 (langs Catbox) en net verby die Builders Warehouse parkering twee punte van die Arrie Nel Apteekgroep met gesubsideerde 'rapid' Covid toetse teen R95 elk. Dit opsigself was 'n verdere uitdaging en steeds het ons gefokus gebly op ONS GAAN SKOU VANJAAR.

Nog was dit nie die einde nie, Bek- en Klouseer het die skape, bokke en beeste bedryf getref met ernstige gevolge en dit het ook gelei tot heelwat kansellasies, veral by die beeste afdeling. Alles is in plek gesit met 'n Biosekuriteitsplan en hulp van die plaaslike staats veeartse. Steeds het ons bly fokus - ONS GAAN SKOU VANJAAR.

Ten spyte van die feit dat daar talle uitdagings was, kan besoekers en deelnemers, uitsien na 'n besonderse skou wat insluit 300 uitstallers, 50 kosstalletjies, 29 pretpark ritte, 14 landbou kampioenskappe, 4000 deelnemende perde, beeste en skape, 20 kunstenaars, 'n FMX motorfiets waagvertoning, ovaalbaanwedren, BMX- en Skaatsplank vertonings en soveel meer!

Vanjaar vind 14 kampioenskappe van perde, beeste en kleinvee by Bloemskou plaas. Die **grootste opelug Saalperdskou** vind tydens Bloemskou plaas vanaf 25-30 April 2022 met vanjaar 4 Amerikaanse beoordelaars. 15 Bulle het vanjaar gekwalifiseer vir die **Vleissentraal - SA Stamboek Elite**

bulgroeitoetsklas wat op Maandag, 1 Mei 2022 om 15h00 aangebied word. Hierdie kompetisie is n 'n elite klas van sy eie en spog met die onderskeie rasgenootskappe se top bulle wat sake gaan uitspook. Die **gewilde ABSA beeste Interraskompetisie** vind op Saterdag 7 Mei 2022 vanaf 09h00 in die ID Scan hoof beesring plaas.

Die **Arksaal** het ook uitstallings van hoenders, sierduiwe, konyn boerdery, mesmakers uitstalling, uitstalling, Pantserskool museum en hindernisbaan deur Mangaung brandweer en 'n mini plaaswerf met 'n miniatuur perdjie, skapie, Dexter bees en inheemse bokkies. Daaglikse demonstrasies vind vanaf 29 April – 6 Mei, 12:00-13:00 & 17:00-18:00 plaas en op Sondag 1 & 7 Mei van 12:00-13:00. Die opvoedkundige waarde en gewildheid van hierdie uitstallings neem jaarliks toe.

Toegang is soos volg:

- R90 vir volwassenes
- R60 vir senior burgers oor 60 en vir kinders 12-18 jaar
- R40 vir kinders 6-11 jaar
- Gratis vir kinders onder 6

Om ekstra waarde toe te voeg word die volgende **spesiale aanbiedinge** tydens die 2022 Bloemskou aangebied:
Voorafaankope kan tot 26 April 2022 om 17h00 teen 'n spesiale tarief by Computicket gedoen word. Hier kan jy R10 afslag kry op jou toegangskaartjie vir al die dae behalwe vir die halfprys aanbiedinge. Daar is ook 50% afslag op pretparkpakette waar R600 betaal word vir 60 tokens, waar dit normaalweg vir 30 tokens sou wees.

Woensdag, 4 Mei is daar vir R200 **onbeperkte ritte,** asook **halfprys vir studente** met die gewilde Spoegwolf wat sal optree.

Donderdag, 5 Mei sal **toegang halfprys** wees met die Sing Country aand deur Juanita du Plessis, Franja du Plessis en Ruan Josh.

Bloemskou doen jaarliks moeite om dit vir besoekers so gerieflik as moontlik te maak, wanneer hulle Bloemskou besoek. Om 'n veilige en vriendelike omgewing te skep waar besoekers kan ontspan, bied Bloemskou jaarliks die volgende noodsaaklike dienste tydens Bloemskou op die Bloemskou terrein aan:

- **Bloemskou inligtingskantoor** wat ook nou toeganklik is vir rolstoele en sentraal geleë is in die middel van die Hoof wandellaan.
- Sigbare **Noodhulp,** deur ER24 en die Mediclinic hospitaal se baba kamers is sentraal geleë langs die Human Auto motoruitstalling in die hoofwandellaan. Die nood nommer vir mediese hulp tydens die skou is **ER24: 084 124 /082 951 3009.**

- **Veilige, netjiese en skoon ablusieblokke word verseker.** Die ablusieblok in die hoof wandellaan, onder die hoof paviljoen en ‘n nuut opgradeerde ablusieblok langs die Lily saal is betaalde ablusie blokke. Addisionele toilette is beskikbaar regoor die skougronde.
- **Baba kamers** is beskikbaar by die ER24 uitstalling langs die Human Auto uitstalling, asook by die nuut opgradeerde ablusieblok langs die Lily saal.
- **Rolstoel vriendelike** toilette is ook beskikbaar by meeste van die ablusie geriewe, die paviljoen aan die noordekant van die hoofpaviljoen het ook rolstoel vriendelike toegang. Rolstoel parkering is ook beskikbaar by Hek 2 & 4.
- **OTM bankfasiliteite van ENB, ABSA en Standard Bank** is beskikbaar op strategiese plekke op die Skougronde.
- **Veiligheid op die Skougronde is ’n prioriteit** – Polisie, Sekuriteit, Noodhulp, Rampbestuur en Verkeerspersoneel is tydens die skou teenwoordig. ’n Voltydse polisiestasie word op die Skougronde tydens die skou gevestig. Die Polisie se berede eenheid patrolleer ook die area. Ongeveer 166 sekuriteitswagte, 70 hekpersoneel en 40 karwagte is tydens Bloemskou aan diens.
- Besoekers moet daarop let dat **GEEN vuurwapens, troeteldiere en drank** toegelaat word deur die hekke nie.
- **Gratis Parkering word aangebied** – parkeer areas sluit in parkering by Hek 2 (oorkant Builders Warehouse), parkering by Builders Warehouse self, parkering voor Showgate en Virgin Active met toegang deur hek 3, parkering by Mega Park en Senwes. Gebruik gerus die parkeerarea by Hek 10 waar toegang gekry word vanaf Monumentweg, langs die Vrouemonument. Hekgelde by die hek is R5 goedkoper as by ander hekke.
- **Billike toegangstariewe** – kontant, Samba, debietkaart of kredietkaart word aanvaar.
- Die **Bloedbank** sal ook tydens Bloemskou skuins voor die Daisy saal teenwoordig wees, waar besoekers aan die skou bloed kan skenk.

Alle optredes van die land se grootste **kunstenaars** is ingesluit in die Bloemskou toegangsfooie. Dit beteken dat van die beste optredes bygewoon kan word teen baie bekostigbare pryse. Kunstenaars sluit vanjaar in Refentse, Early B, Snotkop, Francois van Coke, Spoegwolf en ook die Sing Country aand met Juanita du Plessis, Franja du Plessis en Ruan Josh in.

Een van die **hoogtepunte** vanjaar sal die **FMX flight night motorfiets waagvertoning** in samewerking met Free State Tourism en OFM wees op Vrydag 6 Mei, ‘n moet vir die hele gesin. Adrenalien sal ook vloei tydens die gewilde Ovaalbaanwedren wat insluit ‘n wedren met die gewilde ‘side-cars’ en ook by die die BMX fiets- en skaatsplank vertonings. Ander gewilde items is die Bloem Classic liggaamsboukompetisie, en asook die Vodacom **sintetiese ysskaatsbaan** en die 29 ritte by die opwindende pretpark. Kinders kan ook uitsien na die optrede van Lollos tydens Bloemskou. Die kroning van die **Mej Windmill Bloemskou en Mej Tiener Bloemskou** vind op 29 April plaas met Refentse as gaskunstenaar.

Ons stel ook die **Coca Cola verhoog**, met lekker sitplek by tafeltjies vanjaar bekend waar al die hoof vermaak sal plaasvind, die ander vertonings vind op die Wimpy verhoog plaas. Vanjaar sal daar ook 75 sitplekke by die Coca Cola verhoog teen 'n minimale koste van R50 per persoon vooraf gereserveer kan word om te verseker jy het plek regvoor by die vertonings.

Besoekers word ook genooi na die **Padstal** wat is geleë oppad na die BKB kleinvee kompleks, en bied weer aan besoekers uitstallers, demonstrasies van breiwerk (30 April, 3 & 4 Mei), skaapskeer demonstrasies en ritte op klein miniatuur perdjies (2-7 Mei).

Skaapskeer demonstrasies vind plaas van 2-6 Mei (10:00 – 16:00). Die OVK skeer, spin en brei demonstrasie vind op Saterdag, 30 April 2022 vanaf 09h00-15h00 in die padstal plaas. Kom kyk gerus hoe 'n skaap geskeer word, die wol gespin word en van die gespinde woldraad gebrei word.

Die **Kreatiewe Handwerk en Kunssaal** is vanjaar soos altyd 'n hoogtepunt. Hierdie afdeling groei jaarliks en is tans die grootste van sy soort in Suid-Afrika. Ten spyte van die Covid uitdagings is daar vanjaar meer as 1700 inskrywings. 'n Besoek aan die Kreatiewe Handwerk en kunssaal is 'n besoek werd. Hier kan 'n verskeidenheid van kuns en handwerk besigtig word, van kwilt, kreatiewe breiwerk, borduurwerk en hekelwerk, fyngebak en handwerk items, tot kinderkuns van verskeie skole en kunsskole wat uitgestal word. Demonstrasies vind ook voor die saal plaas (26 April – blomme, 27 April – kloskant, 30 April – suikerkuns, 2 Mei – laslap & Kwilt, 4 & 5 Mei – brei)

Kom geniet 'n onvergeetlike skou - **27 April – 7 Mei 2022** by Bloem skougronde. Besoek www.bloemskou.co.za vir meer inligting.

Persv2022alg/emp